# SAWA OOS-RAND

## Malonjeni Kersboomkamp

## *November 2010*

## *Prentjiekommentaar*




***Vrydag:***
Die waens het maar so stuk-stuk deur die loop van die dag opgedaag – party was gelukkig om nie die dag te gaan werk nie, en was reeds vroeg daar. 'n Tipiese Hoëveldse donderstorm en die modder daarna het die "early birds" se uitgelatenheid bietjie gedemp, maar dit het steeds niemand afgesit van kamp af nie.
Die res van die dag is net gekuier, en almal het tyd spandeer om hulle waens met kersliggies te versier.







Omdat dit ons kersboomkamp was, het ons junior kampkommandante gebruik die naweek, en hulle het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt.
Adelene & Ané... wel gedaan!

***Saterdag:***
Oudergewoonte was die dag weer begin met 'n gesamentlike ontbyt. Die res van die dag is daar gewoel en gewerskaf om die lapa reg te kry vir die Kersboomfunksie, terwyl die kinders hulself vermaak het met 'n water glywurm, 'n poppekas, gesigverf, swem, speletjies en 'n skattejag, terwyl hulle ongeduldig gewag het op Kersvader se verskyning.













Gelukkig het Kersvader darem nie te lank gevat voor hy kom besoek aflê het nie, en die kinders het hom vol verwagting tegemoet gehardloop. Vir party kinders was dit genoeg kontak gewees, en hulle wou dit nie naby hom waag om hulle persente te ontvang nie.



Nadat al die kinders hulle persente by Kersvader gekry het, kon daar weer gefokus word op die Kersboom ete die aand. Dit was ‘n tema ete, waarop almal op ‘n treinrit geneem is deur Afrika waar verskillende plekke soos Zimabwe, Morokko, Egipte, Kenia & Suid-Afrika besoek is met verskillende disse, en waar video grepe gespeel is om die korrekte atmosfeer te skep. Paspoorte was ook aan almal voorsien, wat nodig was om na die volgende plek te vertrek. Dit was ‘n groot suksses, en baie pret, en almal het die aand terdeë geniet.




















***Sondag***

Soos elke Sondag by Oos-Rand streek, is die oggend afgestaan aan ‘n erediens, waargeneem deur tannie Corrie, waarna die gebruiklike boetebessie ook weer ‘n spreekbeurt gekry het.





Dit was ‘n absolute hoogtepunt om die jaar se kampe so af te sluit!
Baie dankie aan almal wat dit moontlik gemaak het!

***** Lukas Maree: “My kiekies is bewyse, my lewensinventaris, ‘n prentjiekommentaar van my bestaan…” *****